

10 Februarie 2014

Skrifgedeelte: Hebreërs 12:18-29
Fokusgedeelte: Hebreërs 12:28

Dank en eer die ewige Koning

Ons leef in 'n wêreld met baie wankelbare koninkrykies, elkeen met sy eie koning wat probeer om sy eie wil binne sy bepaalde gebied af te forseer. Ons almal wil ook so graag 'n koning wees. Elkeen wil sy eie woord laat geld. Die hartseer is dat ons vanweë die sonde ons rug op die ewige God en Koning gedraai het. Nou is ons net tydelike konings in verbygaande koninkrykies.

Dit is binne hierdie droewige werklikheid dat die Hebreërskrywer ons herinner aan alles wat Christus vir ons kom doen het en besig is om in ons te doen. In hierdie Skrifgedeelte word ons opgeroep om deeglik kennis te neem van Jesus as die ewige Koning asook die lewegewende en vernietigende krag van sy Woord. Deur sy Koningswoord vind 'n groot omkeer plaas en verander tydelike konings na dankbare en eerbiedige diensknegte in sy onwankelbare koninkryk.

In die Ou Testament het God deur die aartsvaders, die profete en verskillende seremonies met die volk gepraat. Nou praat Hy met ons deur Jesus Christus wat self God is. Ons staan ook nie meer verskrik by die berg Sinaï in die woestyn nie, maar by die berg Sion, binne die land Kanaän, waar God se genade vir ons duidelik geopenbaar word. Jesus is nou ons Hoëpriester en Offer tegelyk, wat al ons sondeskuld vereffen het. Abel se bloed roep om vergelding. Jesus se bloed is tot versoening vir elkeen wat glo. As deelgenote van Christus is ons nou deel van die feestelike vergadering. En hoewel ons self nog nie in die hemel is nie, is ons name reeds daar opgeskryf.

Deur Christus praat God uit die hemel en met hemelse volheid. Elkeen wat na die Woord luister en dit gehoorsaam uitleef, tree op as 'n burger van die ewige hemelse koninkryk. Wie Christus en sy Koningswoord minag, loop hom vas teen God as 'n verterende vuur. In Jesus Christus, ons ewige Koning, kan ons egter God se vriendelike aangesig ontmoet. Wie sal Hom dan nie dank en eer bewys nie?

Sing: Psalm 145:1 en 12 (1936)

Ds. SA (Sarel) Cilliers (Waterberg)